BEELD
02 Nov 2005
Page : 11 #

'Oorlopery bevoordeel oorheersende party en stroop kieslus'

Liezel de Lange

Die land se oorloopwetgewing bevoordeel die regerende party en veroorsaak dat opposisiekiesers nie eers die moeite wil doen om te gaan stem nie.

Só het prof. Karthy Govender, van die Universiteit van KwaZulu-Natal wat gesekondeer is tot die Menseregtekommissie, gesê by die bekendstelling van *South Africa 2005-2006: State of the nation*.

Dié versameling essays oor onder meer politiek, ekonomie en sosiale welstand van Suid-Afrikaners, word jaarliks deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) saamgestel.

Govender het uitgebrei oor sy hoofstuk oor menseregte.

Volgens hom het Suid-Afrika die afgelope dekade uitstekend gevaar met die toepassing van menseregte, maar kom die oorloopwetgewing neer op 'n sleutelkompromis van 'n konstitusionele demokrasie. "Dit bevoordeel die regerende party en opposisiekiesers verloor belangstelling."

Govender het gesê die "beginsellose manier" van oorlopery het sy oorsprong gehad toe die DA in 2001 uitmekaargespat het. 'n Manier moes geskep word vir NNP-lede om hul leiers te volg sonder om hul setels te verloor. Dit was nodig om daarvoor voorsiening te maak, maar skep nou probleme.

"Oorlopery bring mee dat politieke mag nie langer ooreenstem met die wil van die kiesers nie."

Govender het uitgewys dat die oorloopwetgewing grondwetlik, maar nie wenslik is nie.

"Oorlopery stroop kleiner partye van hul steun en versterk die dominante party selfs meer as sy steun onder kiesers."

Hy het ook uitgewys dat die ANC, behalwe vir die oorloopwetgewing, nog nie juis aan die Grondwet verander het nie.

"Die oorheersende politieke party in Suid-Afrika het hom grootliks beperk tot tegniese veranderings aan die Grondwet en het die versoeking weerstaan om sy meerderheid te gebruik om omvangryke veranderings te maak. Die veranderings aan die oorloopwetgewing is 'n uitsondering."